Hoofstuk 15

Martin Johannes Lodewikus Pretorius

(f8) (1833 – 1905)

Oriëntasie

Louw[1] Pretorius is in 1833 gebore en word 72 jaar oud voordat hy in 1905 oorlede is. Hy was ’n boer.

Louw trou, toe hy 22 jaar oud is, in 1855 met Martha[2] van der Walt wat toe 14½ jaar oud is. Sy is gebore in 1841 en sterf in 1898 toe sy 56 jaar oud is. Hulle was vir 42 jaar getroud en het 14 kinders gehad.

Daarna trou die 64-jarige Louw in 1898 met die 57-jarige weduwee Kruger, Petronella[3] Coetzee, wat in 1841 gebore is en in 1921 oorlede is toe sy nagenoeg 80[4] jaar oud was.

Genealogiese gegewens

f8 **PRETORIUS, Martin Johannes Lodewikus**: *Albert Dist.[5] 1.7.1833[6]; ≈Colesberg 8.9.1835[7]; †Middelburg KP 8.7.1905[8].

x Middelburg KP 22.12.1855[9]: **VAN DER WALT, Martha Johanna Lavina**: *Middelburg KP Dist.[10] 10.7.1841[11]; †Middelburg KP Dist. Grootfontein 28.1.1898[12]. Dogter van Hendrik Tjaart Jacobus van der Walt en Martha Helena Lessing.

xx GK Venterstad 8 of 9.5.1898[13]: **COETZEE, Martha Petronella**: *Venterstad[14] 8.11.1842[15]; ≈Colesberg 14.1.1842[16]; †Middelburg KP Dorpshuis Van Rheenenstraat 3.5.1921[17]. Dogter van Nicolaas Coetzee en Anna Catharina[18] du Plessis.
[Sy –
x **KRUGER, Andries Jacob**: *21.1.1841[19]; ≈Colesberg 5.4.1841[20]; †Venterstad 7.5.1897[21]. Seun van Jacobus Stephanus Kruger en Hester Cornelia Kruger[22].]

Jeug

Louw Pretorius is gebore op Maandag 1 Julie 1833, vermoedelik op die plaas Ezelsgat in die huidige Venterstad omgewing in die destydse Kaapkolonie.

Dit wil voorkom of Louw as kind op sy vader se plaas Ezelsgat gewoon het totdat sy vader in 1846 oorlede is. Louw was toe nagenoeg 13 jaar oud. Daarna trou sy stiefmoeder ongeveer 8 jaar later in 1854 met Andries Johannes van der Walt van die plaas Nooitgedagt in die Wyk Renosterberg van Distrik Middelburg, KP. Daar is egter geen bewyse dat hy saam met sy stiefmoeder gegaan het nie want hy was toe reeds nagenoeg 21 jaar oud.

Woonplekke

Daar is na Louw se huwelik in 1855 nie ’n duidelike spoor van waar die gesin gewoon het nie. Volgens die sterfkennisgewing van hul een seun is hy op 21 November 1863 gebore te Groote Hoek. Die eerste rekord wat opgespoor kon word oor eienaarskap van Groote Hoek is 12 September 1878.

Dit is duidelik dat Louw en sy gesin ’n leeftyd lank in die Wyk Renosterberg van die Distrik Middelburg KP. gewoon het. Indien daar uit die beskikbare gegewens ’n moontlike volgorde van verblyf saamgestel kan word, lyk dit of hulle eers op Salpeterkrans (verkry 1873) gewoon het, toe op Groote Hoek (1878) en daarna op Grootfontein (1885). Met die dood van Louw se eerste vrou, Martha, in 1898 word aangedui dat sy van Grootfontein, Middelburg KP is en met Louw se tweede huwelik in dieselfde jaar word aangedui dat hy van Grootfontein is. Uiteindelik het Louw op Middelburg dorp gewoon.

Eiendom

Waarskynlike benaderde ligging van Louw se plase

Volgens latere gegewens, het Louw op 8 Oktober 1873 en 12 Januarie 1875 gedeeltes wat 2733 morg groot was, van **Salpeterkrans**, bekom. Hy gaan op 2 Mei 1885 ’n verband van £800 daarop aan[23].

Louw bekom op 12 September 1878[24] ’n gedeelte van die plaas **Groote Hoek (No. 8)** (2794 morg) [25]. Hy gaan op 21 November 1884 ’n eerste verband van £1000 daarop aan[26].

Louw bekom op 4 November 1885 ’n gedeelte van **Grootfontein[27]** (2006 morg) en **Leuwe Fontein No. 119**[28] (1218 morg) in die Distrik Middelburg KP. Op die kaart hierlangsaan is die waarskynlike ligging van die plase aangedui. Hy gaan op 10 April 1895 ’n eerste verband van £250 teen die plase aan.

Louw besit ook in Middelburg KP. watererf No. 1 in Blok I asook ’n gedeelte van Erf 2 in Blok I met geboue daarop. Op 2 Oktober 1903 gaan hy ’n eerste verband van £1000 daarteen aan.

Daar ontvou in die beskikbare dokumente ’n patroon van die aangaan van verbande op Louw se eiendom ten einde geld te bekom. Daarvolgens kom dit voor asof Louw sy verpligtinge nagekom het. Op 21 November 1884 leen Louw, byvoorbeeld, £1000 en verskaf as waarborg ’n eerste verband geregistreer teen ’n gedeelte van Groothoek wat 2794 morg groot is[31]. Op 19 Oktober 1885 leen Louw nog £1100 en laat nog ’n eerste verband registreer teen die oorblywende gedeelte van moontlik Grootfontein wat 2006 morg groot is en teen 1234 morg van Leeuwfontein[32].

Die afhandeling van Martha se boedel het baie lank geneem en teen Louw se dood in 1905 was dit nog nie heeltemal afgehandel nie. Na Martha se dood verkoop Louw die restant van Grootfontein en die gedeelte van Leeuwfontein vir £12000 aan die “War Office” van die Britse Regering wat dit wil gebruik as ’n militêre basis. Louw het die toestemming van die erfgename gehad vir die verkoop. Die gangbare waardasie vir die grond was £3 300 en hy het dus baie goed verkoop. Hy sou egter vruggebruik op die twee gedeeltes van die plase gehad het en dit verval nou. Daar volg petisies aan

Grootfontein 81

Nicolaas van der Walt was die jongste seun van die stamvader Geele Andriesz van der Walt. Hy vestig hom op die plaas Grootfontein (tans nr. 81)[29] net buite Middelburg KP. Hy het in die laat 1790’s reeds op die plaas gewoon.[30]

In 1827 is ’n opstal op die plaas opgerig wat steeds bestaan. In 1903 is die plaas verkoop (deur Louw) aan die Britse Regering. Die Britte het dit as ’n militêre basis gebruik. In 1911 is die Grootfontein Landboukollege op die plaas ingerig. Heelwat later het dr. P W Vorster, wat Sekretaris van Landbou was, die proses aan die gang gesit om ’n museum in die ou opstal in te rig.

©R. J. du Preez

die Hooggeregshof dat die geldelike erfenisse van die erfgename belê word en dat Louw daaruit rente verkry terwyl die kapitaalbedrae die eiendom van die erfgename bly. So sou die vruggebruik voortgesit word.

Alhoewel daar reeds voorlopige dokumente saamgestel was[33], was Louw en sy eerste vrou se boedel teen sy dood in 1905 nog nie afgehandel nie. Die bates in Louw se boedel is per verdusie verkoop en het ruim meubels, eetgerei en gereedskap ingesluit sowel as 405 skape, 15 bokke, 20 beeste en 2 perde. Daar was ook die gedeelte van Watererf No. 1, Blok I en die halwe erf 2 van Blok I met verbeterings daarop wat per verdusie verkoop vir £875.[34]

Kerk

Louw en Martha se name kom voor vanaf 28 Januarie 1860 in die lidmateregister van die Gereformeerde Kerk Middelburg KP en hulle was dus stigterslede van die kerk.[35] Al twaalf die kinders wat na die stigting van die Gereformeerde Kerk in Middelburg KP in 1860 in die Kaapkolonie gebore is, is in daardie kerk gedoop, met die eerste een op 2 Desember 1860. Daar kan dus aanvaar word dat Louw en Martha van die begin af lidmate van die kerk was. Louw se tweede huwelik vind in die Gereformeerde Kerk Venterstad plaas, maar hy was steeds lidmaat in Middelburg KP.

Die gesin

Louw en Martha het veertien kinders gehad, waarvan ses nie getroud was nie. Van die ses kinders het twee volwassendheid bereik, maar was nie getroud nie, is een op negentienjarige ouderdom oorlede en is drie blykbaar vroeg oorlede. Die kinders was soos volg:

- Martha Helena getroud met Abraham Nicolaas Duvenage.
- Elizabeth Jacoba getroud met Douw Gerbrand Steyn.
- Maria Jacoba getroud met Sephanus Johannes van der Walt.
- Petrus Jacobus agtereenvolgens getroud met Huibreg Catharina Florina Coetzee en Magdalena Elizabeth Coetzee.
- Hendrik Tjaart Jacobus wat vroeg oorlede is.
- Johannes Lodewicus getroud met Anna Sophia Pretorius.
- Hendrik Tjaart Jacobus getroud met Maria Johanna Jooste.
- Hester Cornelia getroud met Schalk Willem Vorster.
- Nicolaas wat blykbaar vroeg oorlede is.
- Lasea Susanna wat blykbaar jonk oorlede is.
- Johanna Adriana wat blykbaar nie getrou het nie.
- Johannes Christiaan getroud met Hester Kruger.
- Johannes Jacob wat blykbaar nie getrou het nie.
- Lasea Susanna wat oorlede is in rorlede in 1900 toe sy 19 jaar oud was.

Martha is op Grootfontein in die Middelburg KP distrik oorlede op 28 Januarie 1898. Sy was toe 56 jaar oud en laat agt meerderjarige en drie minderjarige kinders na.

Louw en Petronella het nie kinders gehad nie,

Laaste lewensjare

Louw trou weer op 8 of 9 Mei 1898 te Venterstad met Martha Petronella Coetzee[36] aan huis van Johannes Pretorius. Louw was 64 jaar oud en Petronella 57 jaar. Die huwelik is voltrek deur ds. P J J Viljoen van die Gereformeerde Kerk Colesberg. Louw was van die Distrik Middelburg KP en Petronella van die Distrik Albert (Burgersdorp). Sy was die weduwee van Andries Jacob Kruger. Petronella en Andries Kruger het twee kinders gehad, waarvan een vroeg oorlede is. Die huwelik tussen Louw en Petronella Coetzee was buite gemeenskap van goedere[37].



Buitentyds de Bad J. Kruger
Martha Petronella

Gedoopt den 14 Januarij 1842.
Geboren den 8 November 1841 V. d. T. Van
Nicolaas Stephanus Coetzee } ouders
Anna Catharina du Plessis
Johannis Petrus du Plessis } getuigen
Martha Petronella Venter
Ferdinandus Wilhelmus Robberts
Francina Cecilia du Plessis

Doopinskrywing van Petronella Coetzee in die Doopregister van Colesberg: Buitentyds gedoop op De Bad van J Kruger. Martha Petronella: gedoop 14 Januarie, gebore 8 November 1841. Ouers: Nicolaas Stephanus Coetzee en Anna Catharina du Plessis. Getuies: Johannes Petrus du Plessis, Martha Petronella Venter, Ferdinandus Wilhelmus Robberts en Francina Cecilis du Plessis.[38]

ORIGINEEL REGISTER.

189 8 — Huwelijk bevestigd te VENTERSTAD, in de Parochie van VENTERSTAD, in het Distrikt ALBERT. — 189 8

No.	Wanneer Getrouwd.	Namen en Toenamen.	Onderdom.	Staat.	Rang of Beroep.	Woonplaats ten tijde van het Huwelijk.	Na Huwelijks-geboden of met Licentie.	Toestemming door wien gegeven, of op Order van den Rechter.
8	8 en 9 May 1898	Martin Johannis Lodewicus Pretorius Martha Petronella Coetzee	64 56	Boer Weduwnaar Vrouw	Boer	Grootfontein Distrikt Middelburg Provincie Albert	Na Huwelijks geboden geboden	Op order van Kaapstraat van Middelburg op order van Kaapstraat van Burgerdorp

Getrouwd in Kerkhuis van Johannis Pretorius te VENTERSTAD voorheen, Na Huwelijks geboden door mij
J J Viljoen
Predikant der Gereformeerde Kerk.

Dit Huwelijk is voltrokken tusschen ons: M. L. J. Pretorius / M P Coetzee
In tegenwoordigheid van: J. Kruger / J L Coetzee

Huweliksertifikaat van Louw en Petronella Pretorius

Petronella bemaak in ’n testament van 22 Maart 1905 haar gedeelte van Erf No. 2, Blok NN, te Middelburg KP aan haar dogter Anna Catharina Buys (geb. Kruger) se kinders, met dien verstande dat haar dogter en haar man gebruiksreg op die erf sal hê solank hulle leef.[39] Sy bemaak op 19 Februarie 1907 £100 aan haar kleinseun Andries Jacob Buys.



Louw is dan op 8 Junie 1905, toe hy 72 jaar oud was, te Middelburg KP oorlede. Hy was in daardie stadium ’n “rentenier” en ’n vroeëre veeboer – hy moes dus een of ander soort pensioenaris geword het. Hy laat roerende en onroerende goed na. Die onroerende goed verwys blykbaar na die erwe wat hy in Middelburg KP besit het. In daardie



stadium was een van sy getroude kinders, Maria Jacoba, reeds oorlede.

Petronella sterf op 3 Mei 1921 in Middelburg KP[40]. Haar dogter uit die eerste huwelik was toe al oorlede en haar kleindogter onderteken die sterfkennisgewing. In daardie stadium het sy te Middelburg KP gewoon en het sy nie vaste bates besit nie. Sy het inderdaad maar karige besittings gehad wat 'n bed, twee stoele, 'n Bybel en 'n kombers ingesluit het. Die Likwidasie- en Distribusierekening is op 18 Junie 1922 afgehandel nadat die besittings op 15 April 1922 op 'n veiling verkoop is[41].

---

[1] Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie eeue: 1600 – 1900*. Barkly-Oos: Privaat uitgegee. Bl. 805.
[2] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam as noemnaam.
[3] Noemnaam onbekend. Gebruik tweede naam as noemnaam.
[4] KAB MOOC 6/9/2249. Verw. 440. Haar sterfkennisgewing dui aan dat sy 80 jaar en 5 maande oud was by afsterwe.
[5] KAB MOOC 6/9/257. Verw. 2118.
[6] Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie eeue: 1600 – 1900*. Barkly-Oos: Privaat uitgegee. Bl. 805.
[7] Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie eeue: 1600 – 1900*. Barkly-Oos: Privaat uitgegee. Bl. 805.
[8] KAB MOOC 6/9/257. Verw. 2118.
[9] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 620. Van der Walts verstrek die huweliksdatum as 22.12.1855. Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie eeue: 1600 – 1900*. Barkly-Oos: Privaat uitgegee, Bl. 805. dui die huwelik aan as in die GKSA op 24.12.1855. Die GKSA in Kaapland is laat in 1859 gestig en begin funksioneer in Januarie 1860 in Middelburg KP. Die datum wat Van der Walts aandui is op 'n Saterdag.
[10] KAB MOOC 6/9/373. Verw. 523.
[11] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 620.
[12] KAB MOOC 6/9/373. Verw. 523.
[13] familysearch.org/ark:/61903/3:1:33SQ-GTMV-78F?i=16&wc=M6GJ-YM9%3A207829401%2C207832901%2C207961001%2C207970901&cc=1918294 . Die datumkolom bevat beide die syfers 8 en 9.
[14] KAB MOOC 6/9/2249. Verw. 440. Dui plek van geboorte aan.
[15] KAB VC 735.
[16] KAB VC 735.
[17] KAB MOOC 6/9/2249. Verw. 440.
[18] KAB MOOC 6/9/2249. Verw. 440. Asook KAB VC 735.
[19] Kruger, Barry. 2007. *Die Kruger-familie van Suider-Afrika.* GGSA CD Nr. 023. ISBN 978-0-620-40025-1. Bl. 639.
[20] Kruger, Barry. 2007. *Die Kruger-familie van Suider-Afrika.* GGSA CD Nr. 023. ISBN 978-0-620-40025-1. Bl. 639.
[21] KAB MOOC 6/9/366. Verw. 1806
[22] Kruger, Barry. 2007. *Die Kruger-familie van Suider-Afrika.* GGSA CD Nr. 023. ISBN 978-0-620-40025-1. Bl. 639.
[23] KAB DOC 4/1/50. Verw. 16.
[24] KAB DOC 4/1/132. Verw. 247.
[25] Madmappers. Kaart 3124 BD. (GEO WGS84) 31°23'24.87" S, 24°56'37.42" O
[26] KAB DOC 4/1/132. Verw. 247.
[27] Madmappers. Kaart 3125AC.GEO (WGS84) 32°50'57.81"S, 25°29'27.91"O.
[28] Madmappers. Kaart 3125 AC. (GEO WGS84) 31°28'27.10" S, 25°07'53.28" O
[29] Madmappers DVD 1. Kaart 3125AC.GEO (WGS84) –(25.49108660, -32.84939084) 32°50'57.81"S, 25°29'27.91"O.
[30] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 114.
[31] KAB DOC 4/1/132. Verw. 247.
[32] KAB DOC 4.1.165. Verw. 22.
[33] KAB MOOC 13/1/829. Verw. 247.
[34] KAB MOOC 13/1/1389. Verw. 164 en 165.
[35] familysearch.org/ark:/61903/3:1:33SQ-GR1T-S1?i=8&wc=M6GJ-PP8%3A207829401%2C207832901%2C207898401%2C207909901&cc=1918294
[36] familysearch.org/ark:/61903/3:1:33SQ-GTMV-78F?i=16&wc=M6GJ-YM9%3A207829401%2C207832901%2C207961001%2C207970901&cc=1918294 . Die datumkolom bevat beide die syfers 8 en 9.

[37] KAB MOOC 13/1/1389. Verw. 164.
[38] KAB VC 735.
[39] KAB MOOC 6/9/2249. Verw. 440.
[40] KAB MOOC 6/9/2249. Verw. 440.
[41] KAB MOOC 13/1/4667. Verw. 187.